

INHOUDSOPGAWE

'n Sprokie	1
Wat 'n werklikheid!	4
Sondag: rus en feesvier	6
Die mag van 'n engel	9
Die Bybel na-spreek oor die uitverkiesing	11

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

'N SPROKIE

JR. Geersing

Eendag was daar 'n koning en hy het baie dienaars gehad. Op 'n dag ontdek die koning dat een van sy dienaars se skuld onvoorstelbaar groot geword het en dat hy nie kan terugbetaal nie. Die koning besluit om die dienaar en sy gesin as slawe te verkoop. In wanhoop kruip die man toe na die koning en belowe om alles te betaal. Die koning ontferm hom oor die man. Hy laat hom vry en verleen kwyt skelding van al sy skuld. Die koning is bereid om self skade te ly. Niemand kan hulle ore glo nie - en die minste van almal, die dienaar self.

Daar was eendag 'n koning....

Ag, sulke konings bestaan mos nie!
Geen mens sal so iets doen nie.

En tog is dit nie 'n sprokie nie...

Dit is 'n gelykenis wat Jesus vertel het (Matteus 18:21-35) oor die mees werklikste werklikheid van God waarin die onmoontlikste dinge gebeur.

'n Koning wat volledig bereid is om skade te ly. En hierdie Koning is God self. G'n mens doen so iets nie, maar Hy wel: Hy gee vir 'n mens wat alles opgemors het, sy lewe terug. Hy gee 'n nuwe lewe.

Ons noem dit vergewing. Vergewing is meer as net om iets oor die hoof te sien of te ignoreer. Vergewe is:



aanvaar en opnuut begin. Vergewe is: bereid wees om skade te ondergaan, die pyn te ly. Vergewe is: om jou regte, jou eer, jou 'reg wees', jouself op te offer.

Dit is wat God doen, telkens weer.

In die gelykenis vergelyk Jesus die skuld wat 'n mens by God het met die onbetaalbare skuld van die man by die koning. Ons kom nie te hore wat die man presies gedoen het nie. Ons hoor net van 'n skuld, dat hy agterstallig is. Dit wat hy aan sy heer skuld, kan hy nie aan voldoen nie.

So is dit ook met ons skuld by God. Ons het 'n agterstand in vergelyking met hoe dit in die begin was. Jy ervaar dit miskien nie as 'n agterstand nie – dit is immers juis ons ellende, dat ons dit nie meer so goed aanvoel nie! – maar dit is wél 'n agterstand. Jy het 'n enorme skuld, sê Jesus in

die gelykenis. Naas die konkrete dinge waarin jy fouteer, is jou skuld las die grootste deel van jou skuld. Onbetaalbaar.

Daar is vir ons ook net een manier om van ons skuld ontslae te raak. Dit is as die Here jou skuld kwyt skeld. En God doen dit. Die Bybel is vol voorbeelde. God vergewe graag ons skuld. Maar voordat dit egter kan gebeur, moet ons van ons kant die sonde en skuld erken. Net soos die man wat voor die koning op sy knieë geval het. Dan is daar vergewing.

Vergewing vir wat jy ook al gedoen het. Of dit nou bewus, onbewus, konkreet en bewysbaar of minder aanwysbaar is, dit is alles deel van daardie groot agterstand. Erken en bely, en God vergewe. Wat 'n Koning!

En nou verder

Daar was eendag 'n koning ...en die koning was God. En daar was eendag 'n mens. Dit was die man wat sy lewe weer van die koning teruggekry het. Daardie man, soos dit nou maar gebeur, het iemand gehad wat hom iets geskuld het. Terwyl hy vrolik (!) huis toe loop, loop hy die man toe raak. Hy kry hom in 'n wurggreep beet, en eis betaling.

Genade, kerm die skuldenaar. Maar daarvan wil hy niks weet nie: Dit is my reg ... jy sal betaal!

Ja, daar was eendag so 'n mens. En die mens bestaan vandag nog steeds. Want ons vind hierdie mens wat geen genade ken nie, orals. Ook die Christen is maar net 'n mens wat alte dikwels nie verstaan wat met homself gebeur nie.

Kyk maar bietjie om jou rond. Vriendskappe en familieverhoudings word onherstelbaar verbreek omdat mense mekaar iets kwalik neem. Mense word van binne uit vergiftig, omdat hulle hul nie kan versoen met wat hulle aangedoen is nie.

Mense weier nie net om eerste die hand uit te steek nie, maar hul weier ook om die hand van 'n ander wat na hulle toe uitgehou word, te aanvaar. Mense wil onverbiddelik op hulle regte staan. Dit werk verwoestend in op jou eie lewe en op 'n ander s'n. Tog beskou niemand dit as vreemd nie.

Daar was eenmaal 'n mens. En wie is nie soos hierdie mens nie? In die gelykenis kom ons gou agter hoe absurd die man optree. Self kry hy sy lewe present, maar hy maak die lewe van 'n ander onmoontlik. Maar in die praktyk van ons eie lewe kom ons dit minder gou agter. Dan sien buitestaanders eerder ons optrede raak: ons sing van genade, maar kyk net hoe ongenadig behandel ons mekaar.

En die koning in die verhaal? Dat hy self moes skade ly, wou hy graag aanvaar. Maar dat die man self geen skade wou ly vir 'n heelwat kleiner skuld nie, was vir die koning onaanvaarbaar. Hoekom het hy eintlik die man gered? Hy het sy geld verloor en die man nie gewen nie. Dit is nog steeds die ou refrein van die ou mens. En op daardie oomblik gaan die verhouding stukkend. Dat jou eie skuld vergewe word en jyself nie vergewe nie, dis onvergeeflik.

En die koning? Dat hy self moes skade ly, wou hy graag aanvaar.

In die Onse Vader verbind Jesus die twee dele van hierdie verhaal aan mekaar: God se vergewing en ons vergewing. En kragtiger as wat ons dink. Hy sê nie: en vergewe ons ons skulde, dan maak ons ook so teenoor ander, nie. Nee, dis: "vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe." Daar staan eintlik: vergewe het! Dit is asof ons eers om vergewing kan vra nadat ons ander vergewe het. Daar is 'n

Om sonde reg te voél is die grootste marteling van alle martelings.

- Martin Luther

wisselwerking tussen God se vergewing en ons vergewing. Wie nou agterkom hoe God ly aan ons skuld, sal bereid moet wees om te ly aan die skuld van 'n ander. Eers dan kan jy in alle eerlikheid God om vergewing vra.

Gelukkig is dit nie so dat God eers kyk hoe ons ander vergewe en ons dan net so behandel nie. Dan sou alles nie so goed uitwerk vir ons nie...

Maar dit is dus wel duidelik dat die één nie sonder die ander een moontlik is nie, en omgekeerd. Anders trek God sy vergewing weer terug.

Moeilik

Vergewe is moeilik, baie moeilik. Vergewe beteken selfs om skade te ly, die pyn te verdra. Soms probeer mense op ander maniere onreg hanteer.

Daar is die weg van vergelding. As dit nie met dade gedoen word nie, dan gebeur dit wel mettertyd met woorde. Dit bemerk jy dan in persoonlike verhoudings: Haatlikheid word teruggekaats, kwaai briewe word met gelyke munt beantwoord, koppe word weggedraai, elke geleentheid word benut om mekaar goed die waarheid te vertel. Wie hierdie weg kies beland in Satan se kloue. Hy bevry nie die ander een van skuld nie, maar hyself word ook nie bevry nie. Hy is en bly 'n gevangene van sy vermeende onreg, woede en haat.

Daar is die weg van vergeet. Wat gebeur het, het gebeur. Ons praat nie meer daarvoor nie. Los dit! Dit lyk soos 'n beter opsie, miskien selfs wys en verstandig. Want soms kom 'n mens mos nie regtig verder met sulke sake nie? Maar is dit 'n

oplossing? Mens kan slegs dinge vergeet wat hom nie regtig geraak het nie. Die res kan jy wegdring, van jou af stoot. Maar daar hoef maar net iets kleins te gebeur en die ou wonde is weer oopgekrap. Net soos 'n smeulende vuur.

Daar is 'n derde weg. Die een van vergewing. Nie 'n maklike pad nie, maar wel 'n vrugbare een. Daarby behoort: eerlike bewustheid dat jy pyn ervaar, en ook eerlik wees en erken as jy verkeerd was. Want in interpersoonlike verhoudings, net soos in die verhaal, kom belydenis vóór vergewing. Dit is die pad van mekaar in die oë kyk en weer opnuut begin en saam verder gaan. Selfs nog beter: voordat julle mekaar in die oë kyk, kyk na bo en probeer besef wat die Koning jou alles vergewe. Oordink dat dit wat tussen julle staan, nie naastenby so groot is soos dit wat tussen jou en God is nie.



Ja, dan kan vergewing lyding wees, soos die

koning dit gedoen het. En 'n werkwoord. Soos skuldbelydenis in sommige situasies ook 'n werkwoord, 'n houding moet wees. Maar dit is die weg wat Jesus ons wys. Hy, wat die onmoontlike pad na vergewing deurloop het, mag dit tog ook van jou vra?

En indien die ander party nie wil nie? Of as die ander nie reageer op jou uitgesteekte hand nie? Op die lange duur moet jy nie toelaat dat jy na woede of wraak neerdaal nie. Werk aan 'n goeie houding en gesindheid, soos dit ook in die Kategismus staan: "dat dit ons ganse voorneme is om ons naaste van harte te vergewe" (Sondag 51). Pas op dat jou hart nie 'n moordkuil word nie. En moet ook nie in selfbejammering verval

Niemand het gemeenskap met Christus nie, behalwe hulle wat die ware kennis van Hom ontvang het deur die Woord van die evangelie.

- J Calvyn

nie. Dit is altyd goed om in alle nugterheid te onthou dat God en ander ook skade ly deur ons.

Daar was eendag 'n koning wat gekies het om te vergewe. Dit klink soos 'n sprokie. Maar dit is nie. Die koning – dit is God.

Daar was eendag 'n mens – self begenadig – wat teenoor 'n ander ongenadig was. En dis nie 'n sprokie nie. Daar is baie van hulle!

Daar was eendag 'n mens wat regtig kon

vergewe en so andere laat leef het. Jesus Christus. In die gebed wat Hy ons geleer het vra ons ook of ons, wat dit betref, in Sy voetspore sal volg.

'n Gebed wat nodig is. As ons so bid en leef, leef ons lank en gelukkig.

Dit klink ook soos 'n sprokie.

Maar dit is nie!

WAT 'N WERKLIKHEID

JH Velema



Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

(Rom. 8:31,32)

Dit is 'n enorme werklikheid wat Paulus in hierdie loflied uitspreek: God vir ons. Dink jou dit in!

In die eerste plek is dit 'n genadige werklikheid. 'n Werklikheid wat net uit genade die deel van sondaars kan en mag wees. Dit is nie 'n werklikheid wat ons verdien of geprester of geproduseer het nie. Dit is net genade — niks

meer nie en niks minder nie. Dat God vir sondaars is, is net genade. Daarby kan niks van die mens gevoeg word nie.

Dit is ook 'n troosvolle werklikheid. Ons word dikwels met die hartseer werklikheid van die lewe gekonfronteer. As ander daarvan hoor, word dit miskien nog 'n keer genoem of hulle kan vir 'n kort tyd meelewe betoon, maar kort voor lank keer almal terug na die normale alledaagse verloop van sake. Mense kan die verdrietige werklikheid — die rou, die siekte, die verlies — nie verander of regtig daarin 'n groot verskil maak nie. As God egter vir ons is, het ons te doen met 'n werklikheid vol troos. Alles en almal mag teen ons wees, maar God is vir ons — die Hoë, die Heilige, die Verhewene vir ons — wat 'n troos!

Dit is daarom ook 'n opbeurende, versterkende werklikheid. Baie kan ons ontnem word. Allerlei gebeure kan ons terneerdruk. Vriende kan ons teleurstel. Sommige van die onverwagte gebeurtenisse wat mens nie voorsien het nie, stuur skielik ons lewe in 'n heel ander rigting,

Omdat God is wie Hy is, moet Hy altyd gesoek word vir wie Hy is, en nie as 'n middel om iets anders te bereik nie.

- AW Tozer

waardeur ons ons vastigheid verloor en ons lewensgang verander. Maar as God vir ons is, gee dit krag. 'n Mens hoor somtyds dat daar gesê word: "Ek kan altyd op hom of haar terugval", maar so iets slegs beperkte waarde. God is vir ons. Op hierdie werklikheid kan jy inderdaad áltyd terugval. Hierdie werklikheid is blywend.

Weet u, hierdie werklikheid is nie maar net 'n gemoedsgesteldheid van iemand op 'n bepaalde oomblik nie. Dit is nie 'n terloopse uitlating van "ek is vir jou" nie. Dit is 'n feit wat op *regsgronde* staan. Paulus het dit nie sommer net 'n slag kwytgeraak nie. Hy het dit gesê as 'n samevatting van die evangelie wat hy in hierdie brief (Romeine), en in besonder in hierdie hoofstuk, uiteengesit het. Hy het dit, met eerbied gesê, nie uit sy duim gesuig nie. Dit is weloorwoë en goed gefundeerd. Dit is die heilsresultaat van Kersfees, Goeie Vrydag, Pase en Hemelvaart, deur die krag van die Heilige Gees: God is vir ons.

Mense kan vir jou vra: "Wat beteken al die Christelike feeste, wat kry julle nou eintlik uit julle geloof?" Dan hoef 'n mens regtig nie met 'n mond vol tande te staan nie. God is vir ons. Dit is alles vir 'n mens.

Besef u goed wat daar staan? Nie óns vir God nie, maar Gód vir ons!

Wanneer jy belydenis aflê, sê jy hardop dat jy aan God se kant wil staan, dat jy vir God is en Hom wil dien. Deur die jare mag mense my ook hieraan hou as hulle my aanspreek op my geloof en lewe: jy is tog vir God; jy wil tog by Hom hoort?

Maar die inhoud van die belydenis is nie in die eerste plek: ek spreek uit dat ek vir God is nie. Nee, die kern daarvan is juis andersom: ek glo - (dit is amper te wonderlik om te sê!) - dat God vir

my is; dat Hy aan my kant staan en dat ek, klein mensie, vrymoedig by Hom kan skuil, en alle sonde en pyn wat my lewe beswaar, alle teëspoed (ook wat ek self veroorsaak het) en alle teleurstelling aan Hom kan oorgee.

Wanneer ek met steeds groter stelligheid, duidelikheid en oortuiging kan sê: "God is vir my", wys dit juis op die groei in my geloof. Hy het dit aan my gewys, en ek is daarvan seker dat Hy dit sal bly wys.

**Hoor jy dit ook, vors van die
duisternis, wat my altyd
dwarsboom....God is vir my, ewig
vir my!**

God vir ons — wat 'n werklikheid!

Ek kan die diepste betekenis daarvan nie begryp, deurgrond of peil nie, maar as ek my dié werklikheid probeer indink, word ek nie oormoedig of arrogant nie, maar sterk — in die Here.

Hoor jy dit, spotter aan die ander kant? God is vir ons.

Hoor jy dit, grootprater wat uit die kerk geloop het, die deur agter jou toegemaak het en nou jou eie nes bevuil? God is vir ons.

Hoor jy dit, bestryder in my binneste, wat my altyd weer op my sonde, tekortkominge en nalatighede wys en altyd weer my swak punte voorhou? God is vir my.

Hoor jy dit ook, vors van die duisternis, wat my altyd dwarsboom en dit by my influister: God moet teen jou wees, vuil sondaar wat jy is — God is vir my, ewig vir my!

Kan 'n mens dit weet? Paulus het dit geweet, in die geloof.

Die reël waaraan ons moet vashou is om nooit een tree uit die weg te gaan vir ons taak nie – ook al beteken dit dat ons 'n kruis gaan raakloop of hierdie weg.

- M Henry

Mag 'n mens dit glo? Die Here het sy Gees uitgestort sodat 'n mens dit mag glo.

Mag 'n mens dit sê? Ja, die Here het niks meer

lief as dat ons dit sê en sy Naam daardeur verheerlik nie.

SONDAG: RUS EN FEESVIER

T Bolks



Ons kinders en die dag van die Here

Sondag is die dag van die Here. Een dag van die week wat verskil van die ander ses dae. 'n Dag waarop ons kan rus én feesvier. Of ervaar ons dit as 'n dag waarop jy niks mag doen nie en twee keer kerk toe móét gaan?

Hoe gaan ons om met die eerste dag van die week? Hierdie artikel is nie 'n teoretiese verhaal oor die geskiedenis en agtergrond van die Sondag nie. Dit gaan oor die praktiese invulling van so 'n dag.

Rusdag

Sondag is 'n rusdag. Ons mag rus van ons daaglikse werk. Pa hoef nie kantoor toe te gaan nie en Ma doen net die noodsaaklikste take in die huishouding. Kinders gaan nie skool toe nie en die huiswerk kan maar oorstaan. Almal is die hele dag op God ingestel. Nie net in die kerk is

daar die “gewyd wees aan Hom “ nie, maar ook by die huis is Sondag die dag van die Here.

Om van die werk te rus, is partykeer nie maklik nie, want die werk van die afgelope week is nog nie voltooi nie. 'n Spesifieke boek moet nog klaar gelees word en die skottelgoed van die vorige aand moet nog gewas word. Die kinders moet hul kerkgeskiedenis nog leer, dit kan mos ook op Sondag gedoen word?

Waar is ons gedagtes, wanneer al hierdie dinge op Sondag gedoen word? By God? Ons rus op Sondag en doen geen werk nie, maar ons gedagtes is op Sy werk gerig. Om te rus beteken nie, om niks te doen nie, want om die dag aan die Here te wy, vra dat ons baie aktief moet wees.

Feesdag

Sondag is ook 'n feesdag. Ons is immers bevry van die dood en ons vier die opstanding. Die Blye Boodskap wat ons ken gee vir ons 'n goeie rede om fees te vier! Wanneer jy 'n uitnodiging vir 'n fees kry sê jy nie gou “Nee” nie. Jy wil baie graag soontoe gaan, sien daarna uit en berei jou daarop voor. Jy sit solank jou kerkklere reg eb gaan voreg bed toe, om goed uitgerus te kan wees.

Wanneer ons op Sondag niks mag doen nie, is dit beslis nie 'n feesdag nie. Die kinders loop dan

Daar is niks in die feit van die dood, en geen konsekwensie van die dood, wat Christus nie vir ons gedra het nie.

- BF Westcott

net met 'n verveelde uitdrukking op hul gesigte rond die hele dag. Ons mag dan dalk vir hulle sê dat dit 'n feesdag is, omdat dit die dag van die Here is, maar hoe beleef die kinders dit self?

Sondae is anders as ander dae. In die oggend is daar 'n lekker ontbyt en na die oggenddiens is daar dalk koffie en koek by die huis. Die middagete kan rustig saam geniet word. Saam met Pa en Ma word daar speletjies gespeel. Ook word daar fietsgery of 'n entjie gestap. Nou is daar ook tyd om voor te lees uit 'n boek.

Die atmosfeer waarin dit alles plaasvind, bepaal die feestelikheid van die dag! Wanneer ons ons kant bring, kan ons van die Sondag 'n dag maak waarna ons en die kinders kan uitsien.

Voorbeeld

Hoe word die Sondag deur ouers beleef? Is dit 'n dag waarop jy net moeg is van al die werk van die afgelope week? Om te rus beteken dan al gou om te gaan slaap, te kla en die koerant te lees sonder dat iemand jou pla. 'n Geïrriteerde stemming kan al vroegoggend begin, omdat daar eers nog laat geslaap moet word. En dit bly hang in die huis, omdat almal vinnig-vinnig alles probeer klaarkry voordat kerktijd aanbreek.

'n Pa en Ma laat deur hul gedrag en taalgebruik duidelik merk wat hul van die Sondag dink.

Wanneer ons verwag dat ons kinders die Sondag as 'n feestelike rusdag, 'n dag van die Here sal beleef, sal ons kritiese selfondersoek moet doen oor die manier waarop ons met die Sondag omgaan.

Dalk is daar verandering nodig....

Kerk toe gaan

Ja, dit is die hoofsaak van die Sondag: Kerk toe gaan. Wie gaan almal saam? Dit is die beste om hierin 'n vaste reël te hê dat almal in die huis

saamgaan. Dit voorkom ook dat daar elke week 'n argument hieroor hoef te ontstaan met die kinders. Ook in die kerkgang sal die kinders baie van hul ouers oorneem.

Ons rus op Sondag en doen geen werk nie, maar ons gedagtes is op Sy werk gerig.

Hou die ouers daarvan om kerk toe te gaan? Is hulle netjies geklee? Is daar voorbidding gedoen vir die dominee? Word daar gepraat oor die erediens (nie net na die diens nie)? Wat is die houding van die ouers ten opsigte van die erediens tydens vakansietye? Dan kan die weer in die middae so aangenaam wees, dat die erediens nie bygewoon word nie, alhoewel die geleentheid om te gaan wel daar is. Daar is mos niemand wat dit agterkom nie... Maar hoe kan 'n mens dan nog vir jou kinders sê dat dit goed en mooi is om na huis van die Here te gaan?

Tydens die diens

Die jonger kinders verstaan meestal nie baie van die preek nie. Maar ons gaan nie net kerk toe vir die preek nie. Ons het 'n ontmoeting met die Here, en dit beleef ons onder andere tydens die samesang, gebede, met die opneem van kollektas, die gemeenskap van gelowiges en die ontvang van die seën. Dis is belangrik dat die kinders weet wat tydens die erediens gebeur.

Die ouers kan in eenvoudige taal verduidelik wat elke onderdeel beteken. Kinders moet welkom voel in die kerk en dit is natuurlik nie so as hulle net die hele tyd negatiewe opmerkings hoor soos "Hou op om rond te draai", "sit stil" of "luister tog!", nie. Dit getuig beslis ook nie van ons blydskap om in die kerk te mag wees nie.

In die kerk moet eerbied betoon word en kinders

Ons word gekies as 'n beproefde volk en nie as 'n voorspoedige volk nie – nie gekies vir die paleis nie, maar vir die (smelt) oond.

- CH Spurgeon

moet dit leer. Deur allerlei speelgoed saam te neem kerk toe, kan 'n oneerbiedige houding ontstaan. Maar 'n boekie en pen kan nogal werk, omdat Pa en Ma ook notas maak tydens die preek. Selfs 'n prentjieboek met Bybelverhale is glad nie verkeerd nie. Dit kan baie rusgewend wees wanneer kinders tydens die preek skryf of prentjies kyk. Ook in 'eerbiedig-wees' leer kinders baie by hul ouers en ouer mense. Wat maak volwassenes tydens die kollekte? Net gou 'n geselsie inkry? Wat gebeur tydens die seën aan die einde van die diens? Kry ons solank ons baadjie en handsakkie gereed? Die seën is vir ons almal bedoel, die kinders moet bewus wees hiervan, sodat hulle ook weet om met begrip na die dominee te kyk.

Daar kan baie vrae gevra word. Ons kinders moet die betrokkenheid by die kerk en gemeente voel.

Kinders is deel van die gemeente

Kinders wil graag voel dat hulle ook in die kerk hoort. Wanneer daar dan 'n psalm gesing word wat hulle geleer het, is dit vir hulle 'n stuk herkenning. Hulle neem deel! Dit kan ook gebeur wanneer die dominee iets vertel wat hulle op skool behandel het. Daarom is samewerking tussen skool en kerk wel gepas, sodat die "deel-wees-van-gevoel" bevorder word.

Daar is party primêre skole wat as projek-tema "die kerk(diens)" op hul jaarprogram het. Daarin word dan al die verskillende onderdele van die erediens behandel. 'n Boekie met prentjies en tekste oor elke onderdeel van die erediens in die regte volgorde, is 'n pragtige hulpmiddel in die kerk om hulle ook daarby te betrek. Hulle kan blaai en sien wat gebeur en wat nog gaan

gebeur. Op so 'n manier is dit ook nie nodig dat hulle heeltyd vra: "Hoe lank gaan dit nog vat?", nie

Kinders moet in die diens teenwoordig wees. Maar hulle is ook kinders, wat nie altyd so lank kan luister nie, en hulle word gou onrustig en kan nie altyd so lank stil bly nie. Wanneer ons glo dat ons kinders in die diens teenwoordig behoort te wees, moet ons ook daarvoor sorg dat hulle iets daarvan ervaar dat hulle deel is van die erediens. By die huis kan hier ook aandag aan gegee word.

Na kerktyd

Na die diens op Sondag sou ons dadelik kon vra: "Waaroor is daar gepreek?" Tog moet ons altyd onthou dat daar ook meer plaasgevind het as net 'n preek. Ons het 'n ontmoeting met die Here gehad en ons kom bymekaar tot eer van God. Dit is belangrik dat ons ons kinders leer dat dit alles nie in die eerste plek oor ons gaan nie.

Waaroor het die dominee gebid? Het ons nog psalms gesing wat jy geken het? Waarvoor is die kollektegeld ingesamel? Het jy gehoor dat Karlien 'n sussie gekry het?

Het die dominee nog iets gesê wat jy kan onthou? Daar kan baie vrae gevra word. Die manier waarop dit gedoen word is baie belangrik, sodat kinders ook die betrokkenheid by die kerk en gemeente voel. Wanneer daar net kritiese opmerkings gemaak word ten opsigte van die dominee of die musiek ens, dan sal die kinders ook so praat. Kinders moet die vrymoedigheid hê om te kan sê hoe hulle die diens beleef, al word daar dalk minder plesierige dinge genoem. Dit is vir ons om dit dan op die regte manier te hanteer en te wys op die rykdom van die lewe met die Here.

Na ete kan daar weer oor die diens gepraat

Laat ons lewe soos mense wat gereed is om te sterf, en laat ons sterwe soos mense wat gereed is om te leef.

- James S Stewart

word. Wanneer die Bybelgedeelte van die preek weer gelees word, kan 'n gesprek hieroor volg. So 'n gesprek is dan ook baie keer meer natuurlik as 'n verpligte gesprek direk na kerktyd.

Sondag, die begin van die week

Die Sondag is verby en dis bedtyd. Ons dank

God vir die dag wat Hy ons geskenk het. So 'n dankgebed deel ons ook met ons kinders. Die nuwe week begin met die Sondag en ons is weer "gelaai". Ons het gerus en het ons aan Hom gewy. Hiervan kan 'n goeie invloed uitgaan. Ons kon vir God ontmoet. Dit is 'n fees wat deurwerk na die week wat volg.

DIE MAG VAN 'N ENGEL

CJ de Ruijter

Hoe sterk is 'n engel? En hoeveel mag het hulle?

In die alledaagse lewe lyk dit nie juis of engele 'n betekenisvolle rol speel nie. Jy sien hulle nie. Jy kom nie agter dat hulle hier is nie. En hulle mag is in elk geval nie iets waarby ons regtig stilstaan nie.

Wat dit betref, is dit goed dat ons telkens weer daaraan herinner word: God stuur sy engele om sy bevele uit te voer. Om ons heen is engele besig en hulle bewaak en beskerm ons lewe.

Maar selfs as jy daarby stilstaan, dan laat die vraag hom nie wegdwing nie: hoeveel mag het hulle eintlik? Want as jy oor die plek van engele nadink, sal jy ook die duiwel aantref. As jy besef dat God se boodskappers in ons lewe aanwesig is, dan sal jy ook die boodskappers van die teëstander herken. En as die duiwel en sy bouse geeste in my lewe ook mag en plek het, wat baat die beskerming van die engele ons dan nog?

Magteloos teen die bouse...

Daar is 'n plek waar ons iets van die mag van die engele gewaar kan word. Die plek waar jy dit sou verwag, is die hemel. Dit is immers die woonplek van God.



Daar tron Hy te midde van tienduisende engele. As jy êrens 'n engel in sy krag wil raakloop, dan is dit daar.

Maar wonderbaarlik genoeg was die hemel 'n tyd lank ook 'n plek gewees waar bouse geeste toegang gehad het. In daardie tyd was daar geen onverdeelde blydskap in die hemel nie. Ons lees hoe die satan daar kon inkom (Job 1). Ons kom agter hoe leuengeeste daar 'n plek gehad het, en selfs rondit met sataniese

Soos saad gemaak is vir grond, en grond vir die saad, so is die hart gemaak vir God se waarheid, en God se waarheid vir die hart.

- R Glover

planne vorendag kon kom (I Kon. 22: 21). Die kragte wat hulle teen die Here verhef het, het selfs tot in die hemel gereik.

Dit sal ons dan ook baie nederig moet maak oor die manier waarop ons met God se wêreld omgegaan het. Terwyl ons die wag moes hou, het ons die bose ingelaat. En hy kon hom tot naby die troon tuismaak. Wat 'n inbreuk op die vrede van God se skepping!

Daar was blykbaar nie 'n engel by magte om die bose inval te keer nie!

Alle mag...

Op die beslissende punt is engele dus nie sterker as ons nie. Ook hulle kan die kwaad nie keer nie. Ons kan dus nie ons heil van hulle verwag nie. Want op *eie krag* is hulle nie in staat om die bose uit ons lewe te verdryf nie. En juis in daardie opsig is dit so'n bemoedigende oomblik as hulle tog 'n slag in staat is om die duiwel met sy knegte uit die hemel te gooi (Openb. 12).

Daar was 'n oomblik toe hulle sterk genoeg was om die stryd te kan aandurf. Daardie oomblik het aangebreek toe Christus na die hemel toe gegaan het (Openb. 12:5). Hy is die enigste wat die bose kan hanteer. As Hy hemel toe gaan, ontvang Hy alle mag in hemel en op aarde. En onmiddellik sien jy hoe die leërs van die engele gemobiliseer word. Daar kom oorlog in die hemel. Maar die resultaat hiervan is vrede vir die hemel.

As jy die mag van 'n engel onder woorde wil bring, moet jy dus dink aan die mag van Christus.

In hemel en op aarde

Natuurlik is die vergesig van Openbaring 12 'n bemoediging vir elkeen wat aan Christus

behoort. Maar terselfdertyd kom die vyandskap van die duiwel grimmig op jou af: wee die aarde! (vers 12).

As die engele in die hemel die oorlog kan wen, hoekom dan nie op die aarde nie? Het hulle hier miskien minder mag as wat hulle daar het?

Laasgenoemde kan nouliks waar wees. As die geheim van hulle mag in Christus opgesluit is, dan is hul beskerming in ons lewe 'n magtige skild. Dit is belangriker om te let op die volgorde waarin Christus sy koninklike mag laat voel.

Die mag van 'n engel is groot, want hy staan in diens van die Koning.

Die vrede wat Hy vestig, *begin* in die hemel. Die vrede daar is deur die bose bedreig. Hy het God se kinders daar aangekla (vers 10). So het hy probeer skeiding maak tussen God en die wat aan Hom behoort. Dink maar aan die manier waarop hy Job van God probeer losskeur het. As hy dit in die hemel regkry, dan sal hy op die aarde ook sukses behaal. Maar andersom is dit dan ook waar: as die satan dit in die hemel nie regkry nie, dan is sy dae op aarde ook getel. En daarin lê nou juis die bemoediging van hierdie vergesig. Die oorlog in die hemel is deur die engele gewen. Die geheim van daardie oorwinning is die mag van hulle Koning. Maar juis dit hou nou ook baie belofte in vir die wat op die aarde is!

In die hemel kan die bose niks meer onderneem om skeiding met God te veroorsaak nie. En daarom sal niks hier op aarde ons ook meer kan skei van die liefde van God in Christus nie. Natuurlik is die vrede hier nog nie volledig nie. Ons is volledig in 'n geestelike stryd gewikkel. En dit beteken dat daar nog baie is wat ons

As die verdorwenheid van die mens nie gepreek word nie, sal genade geïgnoreer word.

- M Watts

bedreig. Soms voel jy die bose regdeur jou lewe loop. Maar tog is dit so dat selfs die dood nou nie meer skeiding met God beteken nie.

Ja, die dood is nog deel van ons lewe. En dit beteken dat die laaste vyand nog sekere ruimte in my lewe. Maar selfs aan die einde kan hy geen skeiding maak nie, want die engele dra my na die skoot van Abraham.

Wat in die hemel gebeur het, hou baie belofte vir

ons hier op aarde in. Die mag van die Koning het die engele daar gemobiliseer. En daar het vrede gekom. Geen skeiding meer met God nie. En dit is wat Hy hier op aarde waarmaak, tot in my laaste uur.

Die mag van 'n engel is groot, want hy staan in diens van die Koning. 'n Engel is hier op aarde God se arms wat om jou toevou.

DIE BYBEL NA-SPREEK OOR DIE UITVERKIESING

E.A. de Boer

As 'n mens die woord 'uitverkiesing' hoor, kan jy baie vinnig na die Dordtse Leerreëls gryp om te kyk wat daarin gesê word oor hierdie leerstuk. Maar dit kan gebeur dat ons te vinnig die Dordtse Leerreëls nader trek. Asof dit 'n klein ensiklopedie is waarmee ons al ons vrae oor die uitverkiesing kan beantwoord. Verwyttend sou iemand tereg kon sê : "Kyk eers wat sê die Bybel!"

My uitverkorene!

Wat sê die Bybel oor die uitverkiesing? Jy moet die Bybelse woorde próé. Wanneer die Vader vir Jesus aanspreek as die 'Uitverkorene', bedoel Hy: So besonders is Hy vir My, só uniek vir die werk wat Ek vir Hom het! Dit is 'n uitdrukking van liefde. Wanneer 'n man lief is vir 'n vrou, is sy sy uitverkorene. Hy het haar gekies bo al die ander vrouens wat hy geken het. 'n Mens sal nie by so 'n man hoor dat hy al die ander vrouens afgekeur en verwerp het nie. Nee sy liefde vir sy vrou styg eerder bo alles uit.

Die uitstyg van liefde word net sterker wanneer



ons beseft dat God die Here Jesus op aarde so aanspreek, omdat Hy gekom het om ons te verlos van ons sondes. Hy is die éinigste Een wat dit kan doen! Jesus Christus is die enigste Een wat vir God aanvaarbaar is. Omdat ons onbekwaam geag was en is, kon God ons nie vir die taak gekies het nie. Onbekwaam, want vir God gaan dit juis oor die redding van verlore mense.

Jesus Christus - die Uitverkore van God! Die

'n Wêreldbeskouing wat ons nie leer hoe om die dood te oorwin nie, is nie twee sent vir ons werd nie.

- JI Packer

sterk liefde wat in hierdie woorde sigbaar word, kan ons ook sien in Efesiërs 1:4 waar Paulus sê: "...Hy (God) ons in Hom (Jesus Christus) uitverkies het". Jesus Christus is die liefde van God in eie persoon. En ons is in Christus uitverkies. Daarom hoor ons ook hierdie sterk liefde as God Israel sy uitverkore volk noem: Omdat Ek julle uitverkies het, is julle vir my baie spesiaal. Julle is uniek en bestem vir my werk hier op aarde!

Ja, God kan dan ook sê: "Ek het julle gekies *bo al die ander volke*". Hiermee sê die HERE nie in die eerste plek dat Hy die ander volke verwerp het nie. Dit is waar dat die HERE nie 'n ander volk gekies het nie (Ps. 147:20), maar dit is nie die fokus nie. Nee, wat God wel teenoor Israel beklemtoon is: Moenie dink dat Ek julle uitverkies het, omdat jul beter is as die ander volke nie. Ek het júl gekies enkel en alleen omdat Ek julle liefhet (sien Deut. 7:7)! Dit is 'n verrassende rede. Dat God geen ander volk gekies het nie, erken ons met verbasing en nederigheid.

Jubelkreet met 'n uitroepteken!

Paulus se woorde in Efesiërs 1:4 is bekend: "*Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld...*"

- 'n Mens sou nou kon konsentreer op die tydsbepaling en sê: God se besluit van verkiesing het reeds *voor die skepping* geval.
- Jy kan ook kyk na die uitdrukking 'grondlegging van die wêreld' en sê: So vas soos God die aarde gegrondves het, so vas staan sy besluit oor die uitverkiesing. Dit staan so vas soos 'n huis. Nog vaster! Vaster selfs as die wêreld!
- Jy kan ook die woorde 'ons' en die uitdrukking '*in Christus*' beklemtoon. Met vrymoedigheid mag jy bely dat God óns

uitverkies het in Christus, in Wie ons glo!

Wat is nou die belangrikste in hierdie uitspraak oor die verkiesing? Is dit die tydsbepaling, die objektiewe (buite ons gefundeerde) sekerheid of die persoonlike toe-eiening? Ek dink dat al drie antwoorde hier belangrik is!

Wanneer die Vader vir Jesus aanspreek as die 'Uitverkorene', bedoel Hy: So besonders is Hy vir My.

Hierdie ingrypende besluit van God is al geneem voor die ontstaan (van die leefwêreld) van die mens. Voordat die eerste mens geskape is, het God sy besluit ten opsigte van sy kinders klaar geneem en dit staan vas. Jy mag dit as waarheid aanvaar, want hierdie liefdesbesluit staan so vas soos 'n huis. Jy mag dit in jou liefde vir Christus en in Christus se offer persoonlik toe-eien. Saam met Paulus mag jy dit jubelend na-spreek, want dit is 'n geloofsbelydenis: God het ons immers in Christus uitverkies!

Saam met so 'n geloofsbelydenis kan daar ook vrae ontstaan. Byvoorbeeld: wat maak ons nou met die sondeval en waar pas die ongeloof van die mense dan in? Ons maak byvoorbeeld 'n logiese gevolgtrekking, naamlik: As God vóór die grondlegging van die wêreld al uitverkies het, dan het Hy ook mense verwerp. Maar almal voel egter aan dat sulke vrae nie pas by Paulus se manier van praat nie. Dit is asof jy aan die knoppie van die radio begin draai, en skielik by die geruis van 'n ander golflengte beland het – die golflengte van die logiese vrae en konklusies.

By 'n jubelkreet hoort nie 'n vraagteken nie, maar 'n uitroepteken!

Hulle wat die Christelike leerstellings eenkant skuif, is die grootste vyande van die Christelike lewenstyl.



Van verkiesing na verwerping

Hoe praat die Bybel oor verwerping? Ek wil graag met 'n voorbeeld begin wat hierdie tema indrukwekkend weergee.

Die Here wys Saul as die eerste koning aan. Ons mag sê dat die Here hom gekies het. Dit is nie 'n demokratiese verkiesing deur die volk nie, maar 'n salwing deur die Gees. Tog lees ons later tot ons verbystering: "... terwyl Ek hom verwerp het ..." (1 Sam. 16:1). Die Gees van die HERE wyk van Saul. Die verkiesing het betrekking op sy koningskap, maar sy kindskap is hiermee verweef. Wanneer die Gees Saul verlaat, verloor hy ook as kind van God die pad na God se vrede. Kan dit dan tog gebeur dat God terugkom op sy keuse soos in hierdie geval van koning Saul? Samuel moes selfs vir Saul sê: "... omdat jy die Woord van die Here verwerp het, nou het die Here jou verwerp..." (1 Sam. 15:26). Kan ons sonde God se raadsplan beïnvloed? Ja, in die Bybel word verwerping baie keer as volg weergegee: As daad van God in die geskiedenis en as reaksie van God op ongehoorsaamheid.

Jy kan ook hierdie skrik probeer vermy, deur te sê: Ja, maar wanneer die Here mense in hierdie tyd van Hom af wegstoot, moes dit van ewigheid af al Sy besluit gewees het. Dit leer 'die verwerping van ewigheid' ons. Maar wanneer jy so op die Woord van God reageer, gryp jy te vinnig na die Leerreëls. Ervaar maar eers die skrik ten volle: Dis vreeslik, dat God se volk as geheel en as enkelinge, die HERE so kan terg dat Hy nie anders kan as om hulle te móét wegstoot nie! Om ons deur die skok tot bekering te roep. Eers dan leer jy om die gebed te bid wat herhaalde kere in die Psalms opklink: "Verwerp my nie van U aangesig nie" (Ps. 51:13)! HERE, moenie my wegstuur onder U oë uit nie!

Die Bybel gee nêrens aanleiding om die volgende te dink nie: *Daar is 'n verwerping van ewigheid-af-wat-ook-my-kan-tref*. Hierdie sig op verwerping pas nie by die goeie Woord (blye boodskap) waarmee die Here na my toe kom nie. Net in verband met verharde ongelooft kan die apostel Petrus, verlig deur die Heilige Gees, sê: Mense kan hulle aan Christus stoot en val, "waarvoor hulle ook bestem is" (1 Pet. 2:8). Nêrens gebruik God die leer van verwerping as 'n struikelblok om iemand tot geloof te bring nie. Dit is 'n bevrydende feit. Dit bevry ons van angs. Dit bevry ons ook om te kan luister na die ernstige waarskuwings, ook dié waarin die woord 'verwerping' gebruik word.

Die Dordtse Leerreëls: Die volgende stap

Iemand het die volgende geskryf oor die verhouding van die Bybelse taal oor die uitverkiesing en die spreekwyse van die Dordtse Leerreëls: "Dit is 'n tragiese feit dat mense tussen die lyn van histories-horisontaal en die lyn van ewig-vertikaal wou kiés". Die Dordtse Leerreëls sou die uitverkiesing te veel benader vanuit 'n ewigheidsperspektief (ewig-vertikaal), terwyl die

Christenskap word so afgewater tot 'n flou oplossing, dat as dit gif was dit niemand kon seermaak nie, en as dit medisyne was dit niemand kon genees nie.

Skrif meer laat sien hoe God in die geskiedenis van sonde en verlossing sy mense uitverkies en tot verlossing bring (histories-horizontaal, of heilshistories-liniêr).

'n Mens kan (so het ons gesien) die seggingskrag en die aanspraak van die Woord van God blokkeer met ons logiese vrae of denke. Oorheers die Dordtse Leerreëls dus met sy logika die Woord van God? Ek dink glad nie so nie. Want die aanname is (en die belangrikste is) tog dat die kerke sorg dat daar op Sondae uit die Woord van God gepreek word. En so kom die aanspreek van die Bybel oor verkiesing en verwerping, bekering of verharding, val in sonde en kniel vir vergewing ens duidelik en genoeg aan die orde. Dit sluit pragtig aan by die manier waarop God in hierdie geskiedenis sy verlossing in ons uitwerk. Dit is wat hierbo bedoel word met die histories-horizontale lyn.

Dat God geen ander volk gekies het nie, erken ons met verbasing en nederigheid.

Die Dordtse Leerreëls het sy plek in die kerk na en langs die verkondiging van God se Woord. Dit is 'n geloofs-verantwoording wat op baie spesifieke dwalings reageer. Die Leerreëls gee inderdaad baie aandag aan die Ewige Raad van God. In die bogenoemde aanhaling word dit die 'ewig-vertikale' lyn genoem. Ten slotte meer hieroor.

God se Raad: 'n leessleutel

Jy kan in die Bybel nagaan hoeveel keer die woord 'uitverkiesing' gebruik word, maar daarmee het jy nog nie houvas op die Bybelse

leer van die uitverkiesing nie. In die belydenis word woorde gebruik soos: raad, wil, welbehae, voorneme en bestemming. Op grond hiervan word dan ook bely: God lig ons gedeeltelik in oor die planne wat Hy vir die mensheid het. Hierdie plan, oftewel beraadslaging, word in die leer van die kerk '*Raadsplan van God*' genoem. Daarin gaan dit byvoorbeeld oor God se voorneme om te skep. Met dieselfde terme word in die Bybel geskryf oor die plan van verlossing van die gevalle mensdom, oor die keuse van die Middelaar ens.

In 'n eerbiedige gedagtegang kan ons die volgende sê: Ons het 'n onverdeelde God. Hy gaan nie teen Homself in nie. Hy is nie veranderlik sodat 'n mens geen vat om Hom kan kry nie. Hy is onveranderlik, sodat jy Hom kan vertrou. Net so min is Hy 'n swakkeling, dat Hy oor Hom sou laat loop. Nee, ons God is 'volkome wys, onveranderlik, alwetend en almagtig'. Daarom kan God se besluite nie verander, hernu, herroep of ongedaan gemaak word nie (DL.1:11). Hy weet wat Hy gedoen het en nog steeds doen! Daarom vorm Sy ewige Raad 'n geheel. Met die lees-sleutel in die hand sal jy verstaan hóé die Dordtse Leerreëls praat oor verkiesing én verwerping, oor die ewige Raadsplan van God en ons lewenstyd hier op aarde.

So word daar - deur te reageer op bepaalde dwaalleringe - met eerbied gekyk na wat die Bybel alles sê oor God wat kies en oor Sy keuse. So het die belydenisskrifte ontstaan. Hierin word boontoe (vertikaal) gekyk na 'n barmhartige én regverdige God (horizontaal, reguit). God roep en maak sy keuse bekend soos Hy dit wil - en so mag dit geglo word. God maak sy oordeel hoorbaar, soos wat dit verseker geopenbaar sal word aan hulle wat nie wou luister nie.

Eenvoudige plig en diens hoort by ons, gebeurtenisse hoort by God.

- M Henry

Verras en bevrees

Ek glo nie dat die Dordtse Leerreëls die Bybelse manier van praat oor die uitverkiesing en verwerping verkeerd weergee nie. Asof 'lewendige' Skrifgedeeltes oor God se pad wat Hy met mense stap, doodgedruk kan word deur 'n massiewe leer. Ek glo óók nie dat die leer van die verwerping 'n skaduwee werp op die God van die uitverkiesing nie. Is dit nie eerder andersom nie? Wanneer jy die gedagte van verwerping weggooi, vervaag die uitverkiesing.

Tog glo ek dat dit van belang is om die volgende te benadruk: moenie onderskat hoe baie ons denke oor die uitverkiesing belas is met (dikwels negatiewe) gedagtes nie. "Wat help dit as alles in elk geval al vasstaan?" is 'n opmerking wat sommer maklik gehoor word. Daarom is dit nodig en goed om ons gedagtes Skriftuurlike ruimte te gee en die leer met 'n nuwe varsheid te

Ons moenie onderskat hoe baie ons denke oor die uitverkiesing belas is met gedagtes soos: "Wat help dit as alles in elk geval al vasstaan?"

benader. Dan sal ons in die woord 'uitverkiesing' weer die klank van liefde hoor en verras bly reageer. Dan kan die Gees ons laat bewe wanneer ons die bede lees: "Verwerp my nie voor U aangesig nie." Hierdie woorde moet ook 'n plek in ons hart kry, sonder dat hulle verstik word deur 'n magteloos-makende (en verkeerde) sig op die verwerping. Die leer waarin die Bybelse gedagte van verkiesing en verwerping verwoord is, wil ons denke lei om met blydschap en bewing, verras en bevrees ons 'roeping en verkiesing vas te maak' (2 Pet. 1:10).

Ons taak is ons grootste vryheid, en sonde die grootste gevangenskap.

-T Manton